DEUR DANÉL BLAAUW

# Nee vir rooi, JA VIR WEN!

## In haar donkerste ure op die eiland het GiGi een ding onthou: moenie daai 'knoppie' druk nie






HOOFFOTO: GiGi saam met Mike Crole en sy dogter Dani. BO: GiGi en Mike oorhandig die wengeld aan die personeel van die hospies. Van links is Melanie Beresford, Dani, Mike, GiGi, Monica Smith en Alicia Lerm.

SELFS in die donkerste tye op die Survivor-eiland was een gedagte altyd voorop in haar gemoed: Maak nie saak wát jy doen nie, moet net nie die rooi knoppie druk nie.

Die rooi knoppie, sê sy, is die een waarmee jy jou trapmeul in die gim afskakel wanneer jy huis toe gaan. En huis toe gaan was die laaste ding wat die wenner van Survivor South Africa: Santa Carolina wou doen. Nee, sy wou vasbyt, 17 ander bekendes uitstof en die R1 miljoen wen.

"Ek het op die eiland so baie aan Mike se woorde gedink: 'Maak nie saak wat jy doen nie, jy gee nóóit op nie!'" vertel GiGi en glimlag vir Mike Crole, haar sakevennoot en fiksheidsinstrukteur wat haar binne twee weke eilandgereed moes kry.

En vir Mike het dit om meer gegaan as net om sy jare lange vriendin te ondersteun. Want die helfte van die prysgeld wat sy as Survivor-wenner huis toe geneem het, gaan vir 'n saak wat hom baie na aan die hart lê nadat hy 11 jaar gelede 'n geliefde aan kanker verloor het.

'N PAAR dae nadat GiGi as die wenner aangewys is, het sy en Mike R500 000 aan die Hospice Witwatersrand in Houghton oorhandig.

Sy en Mike, die eienaars van 'n ontkleeklub, stap al sedert 2000 'n pad saam met dié hospies. In 1999 is maagkanker by Mike se vrou, Shirley (47), gediagnoseer. "Sy het twee jaar lank van maagpyn gekla, maar sy is vir 'n maagseer behandel," sê hy. Uiteindelik is maagkanker gediagnoseer. "Sy het dit eers vir my en die kinders weggesteek," vertel hy. Eers toe sy met chemoterapie begin, het hy ontdek sy is reeds van kanker deurtrek.

In 2000 het hy die Witwatersrand-tak gekontak. "Shirley was terminaal siek en ek kon nie meer na haar omsien nie."

Twee beraders het na hul huis gekom en die nuus aan hul twee dogters, Dani en Candice, toe 10 en 12, oorgedra. "Dit was 'n vreeslike skok," vertel Dani, nou 21. "Twee weke nadat ons gehoor het sy is siek, is sy dood."

In daardie twee weke het die beraders sy gesin deur 'n emosionele tyd gedra terwyl 'n verpleegster elke dag huisbesoek gedoen en na Shirley omgesien het.

Op 25 November 2000 het haar toestand so verswak dat sy om halfnege die oggend in die hospies opgeneem is en twee uur later gesterf het. Die organisasie het Mike en sy kinders so deur dié tyd gedra dat die ontkleeklub hulle destyds al as 'n liefdadigheidsorganisasie aangeneem en ondersteun het. Verlede jaar het hulle R26 000 vir die organisasie ingesamel. Die R500 000 wat GiGi nou gewen het, sal hul koffers behoorlik laat bult.

Die Witwatersrand-tak bied ondersteuning en mediese sorg aan hoofsaaklik terminale kanker- en vigspasiënte in Johannesburg en Soweto, sê Alicia Lerm van dié tak. Die hoeksteen van die organisasie, wat takke oral in Suid-Afrika en wêreldwyd het, is sy tuissorgdiens waar dokters, verpleegsters en maatskaplike werkers pasiënte tuis besoek om die las op die gesin te verlig.

REGS: Mike en sy vrou, Shirley, in 1999 voor maagkanker in dié jaar by haar gediagnoseer is.

Pasiënte wat voltydse sorg benodig om hul laaste dae gemakliker te maak word in die hospies versorg tot hulle sterf. Die hospies gee opleiding aan vrywilligers en het 'n dagkliniek vir buitepasiënte, 'n dagsorgsentrum vir kleuters en berading vir families. Dié tak het sowat 1 000 vrywilligers wat in Johannesburg en Soweto werk, vertel GiGi. Die wengeld is nog ver van die sowat R30 miljoen wat jaarliks benodig word, maar dis 'n wonderlike hupstoot.

"Ek is bly ek kan bewys dat twee bedrywe wat so uiteenlopend is, hande kan vat en saamwerk." □



FOTO VERSKAF